Die Woord verander my

Hoe verander dit my?
Hoe werk dit dat dit ons oop vlek of ons deurdring?
5 Augustus 2018

Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart .– Hebr 4:12

Die Woord van God -
Die boek van Hebreërs

• Waaroor gaan dit in Hebreërs 4 (sien 4:11)? **__GEHOORSAAMHEID____**

• Hebreërs 4:12 opgebreek:

1. Die Woord van God is lewend en kragtig:

____DIT MAAK DAT ONS ANDERS REAGEER; REAGEER ANDERS TEENOOR IETS OF IEMAND WAT LEWENDIG IS, AS TEENOOR IETS WAT DOOD IS.
____DIE WOORD KAN ALLES VERMAG EN LAAT GEBEUR; GOD PRAAT EN DAAR IS GESKEP, JESUS PRAAT EN IEMAND IS GENEES.

2. Die Woord van God is 'n tweesnydende swaard:

____DIE WOORD ONTBLOOT ONS TOT IN ONS DIEPSTE BINNESTE; ONS KAN NIKS VIR GOD WEGSTEEK NIE

3. Die Woord van God dring deur selfs tot skeiding van siel en gees, gewrigte en murg:

_____SIEL – WIE JY IS; LEWE WAT JY LEI. WIL, INTELLEK, EMOSIE. DIT IS ONS VLEESLIKE GEWOONTES; STERFLIK.
_____GEES – GOD SE GEES WAT IN ONS WOON; GOD SE RUACH (ASEM) BINNE ONS. DIT IS DIE GOD-GEWOONTES WAARIN ONS KAN INGROEI.

Die Woord verander MY aan die binne-kant; <u>SIEL/VLEES GEWOONTES</u> na <u>GEES/GOD GEWOONTES</u>

Die Woord doen TWEE goed binne MY; ____WYS MY FOUTE____ EN ____GENEES MY_____

⇒ Hoe lyk 'n VERANDERDE <u>ek</u> (met die WOORD IN my lewe)?

Ek maak keuses volgens **__GOD SE GEES IN MY_**; Ons is nou sonder **___SKULDGEVOELENS__**; Ons glo die Woord, daarom is ons **__GEHOORSAAM_**; Dit laat ons **__GROEI EN VERANDER___**.

Praktiese *tools* om die Woord in my te kry:

1) **<u>GAAN LEER DIE WOORD</u>** 2) **<u>AANVAAR DIE WOORD</u>** 3) **<u>LEEF DIE WOORD</u>**

ONTHOU VERS VIR DIE WEEK; <u>ROM 8:5-9</u>